# NASIENRIGLYNE

| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | MEI/JUNIE 2024 |
| **VAK** | GESKIEDENIS |
| **VRAESTEL** | 2 |
| **TOTAAL** | 150 |
| **DUUR (URE)** | 3 |
| **AANTAL BLADSYE** | 26 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

### 1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGSTOEKENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne.<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne.<br>• Definieer historiese konsepte/terme. | **30%** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne.<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne.<br>• Analiseer bewyse uit bronne. | **40%<br>(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse van bronne..<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel.<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings. | **30%<br>(15)** |

### 1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse en/of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

### 1.3 Assesseringsprosedures by brongebaseerde vrae:

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Fokus op die nasienriglyn bv. (2 x 2) wat aandui dat twee redes gegee moet word en elke rede moet twee regmerke kry (✓✓✓✓); (1 x 2) dui aan een rede vir twee punte (✓✓).
- Indien 'n antwoord 4 punte werd is, moet dit aangedui word met 4 regmerke (✓✓✓✓).

**1.4 In die nasien van vrae oor ondersteuning/ ooreenkomste, moet die antwoord soos volg wees:**

- Dit toon/ Dit impliseer / Beide bronne...
- maar in die geval van die verskille in bronne moet die antwoord wees: In Bron A..., maar in Bron B...

**1.5 Paragraafvraag**

Paragrawe moet holisties geassesseer word. Die inhoud sowel as die struktuur van die paragraaf moet in aanmerking geneem word wanneer ’n punt toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer die respons op ’n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas ’n bullet (•) by elke plek in die skryfstuk waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het wat die vraag aanspreek.
- Lees die paragraaf weer en evalueer die mate waarin die kandidaat in staat was om die relevante bewyse te gebruik om ’n paragraaf te skryf.
- Aan die einde van die paragraaf moet die regmerke (✓) wat die kandidaat verdien het vir die paragraaf sowel as die vlak (1, 2 of 3), soos aangedui in die holistiese rubriek en ’n kort opmerking verskyn, bv.

______________•______________________•_________________________

______________________•____________________________•____________

__________________________•_____________________________•

✓✓✓✓

Vlak 2

- Gebruik meestal relevante bewyse om ’n basiese paragraaf te skryf.

Tel al die regmerke vir die bron gebaseerde vraag en skryf dan die punt in die onderkant regs in kantlyn bv. $\frac{32}{50}$ (omkring)

- Maak seker dat die totaal korrek oorgedra word na die voorkant van die antwoordboek.

© SACAI KOPIEREG

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te weergee om sodoende die gestelde vraag te antwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot moet hê.

### 2.2 Nasien van opstelvrae:

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n sekere sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vra moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoorde.

### 2.3 Globale assessering van die opstel:

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die nasiener die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die kandidaat aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar word nie van die kandidaat verwag om slegs feite neer te skryf om 'n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om model-antwoorde voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word kandidate met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument.
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun.
- Die kandidaat se interpretasie van die vraag.

### 2.4 Assesseringsprosedures by die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis ingedagte tydens die assessering van die opstel.

© SACAI KOPIEREG

2.4.2 Met die eerste lees van die opstel moet regmerke gemaak word by ’n relevante inleiding (soos aangedui deur die bullet in die nasienriglyne/memorandum), elke hoof feit/aspek wat behoorlik gekontekstualiseer is (ook aangedui deur bullets in die nasienriglyn/memorandum) en ’n relevante gevolgtrekking (aangedui deur ’n bullet in die nasienriglyn/memorandum) bv. in ’n antwoord met 5 kernfeite sal daar 7 regmerke wees.

2.4.3 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte, slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling: _________________
- Irrelevante stelling |<br>|<br>|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie 1√

## 2.5 Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle.

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van ’n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. ’n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die inhoudsvlak (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die aanbieding bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

c) Ken ’n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

| **Aanbieding** → <br> **Inhoud** ↓ | **Vlak 7** <br> Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het goed gebalanseerde oorspronklik argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om argument te ondersteun. | **Vlak 6** <br> Baie goed beplande en gestruk-tureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | **Vlak 5** <br> Goed beplande en gestruk-tureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit die bewyse om die argument te ondersteun. | **Vlak 4** <br> Argument beplan en gestruktureerd. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argumente te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | **Vlak 3** <br> Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | **Vlak 2** <br> Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | **Vlak 1** <br> Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Vlak 7** <br> Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is. | 47 - 50 | 43- 46 | | | | | |
| **Vlak 6** <br> Vraag is beantwoord. Inhoud seleksie relevant tot argument wat gevolg is. | 43 - 46 | 40 - 42 | 38 - 39 | | | | |
| **Vlak 5** <br> Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | 38 - 39 | 36 – 37 | 34 – 35 | 30 – 33 | 28 - 29 | | |
| **Vlak 4** <br> Vraag herkenbaar in antwoord. Weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30 - 33 | 28 - 29 | 26 - 27 | | |
| **Vlak 3** <br> Keuse van inhoud hou verband met die vraag maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26 - 27 | 24 -25 | 20 -23 | |
| **Vlak 2** <br> Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20 - 23 | 18-19 | 14-17 |
| **Vlak 1** <br> Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevant beantwoord. | | | | | | 14-17 | 0-13 |

**NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: TOTAAL: 50**

*** Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:**

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

| | Vlak 1 | Vlak 2 | Vlak 3 |
|---|---|---|---|
| | **Haal bewyse uit die bronne.Seleteer en organiseer relevante inligting van bronne. Definieer historiese begrippe.** | **Verduidelik historiese begrippe in konteks. Interpretasie van bewyse uit die bronne. Verduidelik inligting uit die bronne. Analiseer bewyse uit die bronne.** | **Interpreteer en evalueer. Verstaan vooroordeel, betroubaarheid, bruikbaarheid en beperkings. Vergelyk en kontrasteer. Interpretasie, evaluering en sintese (paragraaf).** |
| **KABV** | **30%** | **40%** | **30%** |
| 1.1.1 | 1 | | |
| 1.1.2 | 1 | | |
| 1.1.3 | 1 | | |
| 1.1.4 | 1 | | |
| 1.1.5 | | 2 | |
| 1.1.6 | | 4 | |
| 1.2.1 | 1 | | |
| 1.2.2 | 3 | | |
| 1.2.3 | | 2 | |
| 1.2.4 | | 2 | |
| 1.2.5 | | 2 | |
| 1.2.6 | 2 | | |
| 1.2.7 | | 4 | |
| 1.3.1 | 1 | | |
| 1.3.2 | 1 | | |
| 1.3.3 | 1 | | |
| 1.3.4 | | 4 | |
| 1.3.5 | | | 4 |
| 1.4.1. | 1 | | |
| 1.4.2. | 2 | | |
| 1.4.3 | | | 2 |
| 1.5 | | | 8 |
| | **32%** | 40% | 28% |
| 2.1.1 | 1 | | |
| 2.1.2 | 3 | | |
| 2.1.3 | 1 | | |
| 2.1.4 | 1 | | |
| 2.1.5 | | 2 | |
| 2.1.6 | | 4 | |
| 2.1.7 | | | 4 |
| 2.2.1 | 2 | | |
| 2.2.2 | 2 | | |
| 2.2.3. | | 2 | |
| 2.2.4 | | 4 | |
| 2.3.1 | 2 | | |
| 2.3.2 | 1 | | |
| 2.3.3 | | 4 | |
| 2.3.4 | | 2 | |
| 2.4.1 | 2 | | |
| 2.4.2 | 1 | | |
| 2.4.3 | | 2 | |
| 2.4.4 | | | 2 |
| 2.5 | | | 8 |
| | **32%** | **40%** | **28%** |
| 3.1.1 | 1 | | |
| 3.1.2 | 1 | | |
| 3.1.3 | 1 | | |
| 3.1.4 | 1 | | |
| 3.1.5 | | 2 | |
| 3.1.6 | | 4 | |
| 3.1.7 | | | 4 |
| 3.2.1 | 4 | | |
| 3.2.2 | 1 | | |
| 3.2.3 | | 4 | |
| 3.2.4 | | 2 | |
| 3.3.1 | 1 | | |
| 3.3.2 | 1 | | |
| 3.3.3 | 2 | | |
| 3.3.4 | | 4 | |
| 3.3.5 | | | 2 |
| 3.4.1 | 1 | | |
| 3.4.2 | 1 | | |
| 3.4.3 | 1 | | |
| 3.4.4 | | 2 | |
| 3.4.5 | | 2 | |
| 3.5. | | | 8 |
| | **32%** | **40%** | **28%** |

© SACAI KOPIEREG

## AFDELING A

**VRAAG 1: WATTER UITDAGINGS MOES DIE APARTHEIDSREGIME IN DIE 1980'S TROTSEER?**

1.1 1.1.1 *[Onttrek bewyse uit Bron 1A - Vlak 1]*

- 'die belangrikheid van 'n verenigde front teen die 1983 - Apartheidhervormings'. (1x1) (1)

1.1.2 *[Onttrek bewyse uit Bron 1A - Vlak 1]*

- 'die van stapel laat loop van die United Democratic Front (UDF).'. (1x1) (1)

1.1.3 *[Onttrek bewyse uit Bron 1A - Vlak 1]*

- 'weerstand teen die Koornhof-wette'. (1x1) (1)

1.1.4 *[Onttrek bewyse uit Bron 1A - Vlak 1]*

- "n regering van die mense waar die mense sal regeer ooreenkomstig hulle eie wense'. (1x1) (1)

1.1.5 *[Interpretasie van bewyse in historiese konteks uit Bron 1A - Vlak 2]*

- Dit dui op die vryheidstryd (die geveg) teen die Apartheidregime/die anti-Apartheidbewegings sedert 1948.
- Dit verwys na die tydperk van kolonialisme/slawerny/NP-regime van minderheidsregering/onderdrukking van die Swart minderheid en hulle geveg daarteen.
- Enige relevante antwoord. (enige 1x2) (2)

*[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A - Vlak 2]*

1.1.6

- Eerste Minister PW Botha het 'n konstitusionele wysiging voorgestel wat 'n Driekamer Parlement met drie ras-geskeide kamers geskep het: een vir wittes, een vir Asiate, en een vir Kleurlinge.
- Die nuwe Driekamer Parlement het magsdeling voorgegee, maar wit beheer deur die president én die voorafvasgestelde numeriese meerderheid van die wit kamer het verseker dat werklike mag in wit hande sou bly en dat die meerderheid (Swartes) geen regte sou wen nie.
- Die nuwe Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika van 1983 beskryf 'n regering gelei deur 'n president, en 'n parlementêre stelsel met vergrote Kleurling- en Indiër-verteenwoordiging.
- Die Apartheidhervormings behels die nuwe Driekamer Parlement wat 'n wit Volksraad, 'n (Kleurling) Huis van Verteenwoordigers, en 'n (Indiër) Huis van Afgevaardigdes sou behels.
- Enige relevante antwoord. (enige 2x2) (4)

**[10]**

© SACAI KOPIEREG

1.2 1.2.1 *[Onttrek bewyse uit Bron 1B - Vlak 1]*

- 'dat die meerderheid Suid-Afrikaners teen die nuwe struktuur gekant was'. (1x1) (1)

1.2.2 *[Onttrek bewyse uit Bron 1B - Vlak 1]*

- 'stakings'
- 'proteste'
- 'boikotte' (3x1) (3)

1.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B - Vlak 2]*

- Swartes was die meerderheidsgroep en het 'n gevaar ingehou vir wit oorheersing (Swart gevaar).
- Kleurlinge en Indiërs was ook minderheidsgroepe en P.W. Botha het aan Blankes 'n ingeboude meerderheid in die parlement gegee.
- Botha het gehoop om anderkleuriges in Suid-Afrika te verdeel sodat hulle nie sou saamstaan teen die Apartheidsregering nie.
- Botha het die parlement "hervorm" sodat dit, veral vir oorsese lande, na 'n demokrasie gelyk het.
- Enige relevante antwoord. (enige 1x2) (2)

1.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B - Vlak 2]*

- Botha het homself die uitvoerende president gemaak – 'n magtige posisie vir een persoon.
- Konstitusionele veranderinge het tot gevolg dat P. W. Botha die hoof van die Regering sowel as van die Staat geword het.
- Enige relevante antwoord. (enige 1x2) (2)

1.2.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B - Vlak 2]*

- Botha het die SAP en die SAW gebruik om wet en orde ten alle koste te handhaaf, maar dit het misluk.
- Die regering het die weermag gemobiliseer en 'n noodtoestand afgekondig ten einde opstande onder beheer te bring, maar dit het slegs gedeeltelik geslaag.
- Die regering se spandering op militêre uitgawes om die massa te beheer was oordadig.
- Die opstande teen PW Botha se hervormings was meer intensief en het langer geduur as vorige opstande (sy totale stategie), alhoewel hy drastiese stappe geneem het om dit te onderdruk.
- Geweld het uitgebreek, in die besonder aangevuur deur die Swartes aangesien hulle niks gekry het nie – hulle was in die meerderheid en moeilik om te beheer.
- Botha se hervormings, wat steeds die wit minderheid beskerm het, is deur die meerderheid in Suid-Afrika, en oorsee/internasionaal verwerp – Botha kon nie langer die massas ignoreer nie.
- Enige relevante antwoord. (enige 1x2) (2)

1.2.6 *[Definisie van die begrip uit Bron 1B - Vlak 1]*

- Die Noodtoestand plaas die regering in beheer van enige optrede, in teenstelling met plaaslike besture. Dit laat ook toe dat die regering mag help/inmeng in die betrokke streke wat oorweldig word.
- Die Apartheidsregering het alle aspekte van die Suid-Afrikaanse gemeenskap onder streng weermag en polisie-beheer geplaas: die magte van die weermag en die polisie is uitgebrei.
- Enige relevante antwoord. (enige 2x2) (4)

1.2.7 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B -Vlak 2]* .

**Dit was onsuksesvol, want:**

- Botha se insluiting van die Kleurling- en Indiër minderheidsgroepe het nie die mense van Suid-Afrika oortuig dat Botha ware hervormings ingebring het nie.
- Kleurling en Indiër stempersentasie was uiters laag, hulle het nie regtig die nuwe Parlement aanvaar nie.
- As gevolg van die massa veldtogte teen die Driekamer Parlement wat deur die land gespoel het, het geweld by baie geleenthede uitgebreek.
- Die Regering moes 'n noodtoestand afkondig wat vir 'n groot deel van die 1980's geduur het. Noodregulasies is gebruik om buite-parlementêre aktiwiteite ernstig te beperk.
- Die apartheidsregime het nooit herstel van die verset nie – die Driekamerstelsel en Swart stedelike rade is beslis verwerp deur die eis vir *'People's Power'* (Mag aan die Volk/ volksmag/ mag van die meerderheid).
- Enige relevante antwoord. (enige 2x2) (4)

**[16]**

1.3 1.3.1 *[Onttrek bewyse uit Bron 1C - Vlak 1]*

- 'teen polisiebrutaliteit' (1x1) (1)

1.3.2 *[Onttrek bewyse uit Bron 1C - Vlak 1]*

- 'De Klerk' (1x1) (1)

1.3.3 *[Onttrek bewyse uit Bron 1C - Vlak 1]*

- 'The Mass Democratic Movement (MDM)' (1x1) (1)

1.3.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C - Vlak 2]*

**WAAR want:**

- De Klerk het protesoptogte toegelaat, wat sy voorganger nooit gedoen het nie.
- Botha het met 'n noodtoestand en polisiebrutaliteit reageer wanneer daar aksies teen die Apartheidsregering was. De Klerk het dit verander deur politieke gevangenes vry te laat en deur onderhandelinge te begin.
- Enige relevant antwoord.

**ONWAAR want:**

- Suid-Afrika was in 1989 nie ‘n demokrasie nie – die meerderheid kon nie stem nie.
- Die opmars was teen die polisiemoorde tydens verkiesingsdag dit lyk na ‘n polisiestaat.
- Enige relevante antwoord. (enige 2x2) (4)

1.3.5 *[Vergelyking van die bewyse uit Bronne 1B en 1C – Vlak 3]*

- Bron 1B se inligting is gebaseer op gewelddadige uitbarsting teen die Apartheidsregering, terwyl Bron 1C baseer is op nie -geweldadige opmars teen polisiebrutaliteit.
- In Bron 1B moes die regering weerstand van die Kleurlinge en Indiërs verduur – min het gaan stem, maar in Bron 1C het die regering te doen met ‘n opmars.
- In Bron 1B is die implikasie dat die Apartheid-regime die protes en opmars as deel van die *Totale Aanslag* gesien het, maar in Bron 1C wil dit voorkom asof die regering glad nie bedreig voel nie.
- Enige relevante antwoord. (enige 2x2) (4)

**[11]**

1.4 1.4.1 *[Onttrek bewyse uit Bron 1D - Vlak 1]*

- ‘Om die veldtog van ongehoorsaamheid van die Apartheidswette voort te sit’. (enige 1x1) (1)

1.4.2 *[Definieer die begrip **in** historiese konteks uit Bron 1D - Vlak 1]*

- Die Suid-Afrikaanse beleid van skeiding op grond van ras.
- ‘n Voormalige beleid van skeiding en politieke, sosiale en ekonomiese diskriminasie teen die nie-blanke meerderheid in die Republiek van Suid-Afrika.
- Enige relevante antwoord. (enige 1x2) (2)

1.4.3 *[Verduidelik beperkings van Bron 1D – Vlak 3]*

- Dit verteenwoordig een groep se ontevredenheid met die regering van Suid-Afrika – nie die ontevredenheid van die meerderheid nie.
- Daar is beperkte inligting, omdat dit ’n plakkaat is en net op een optrede van siviele ongehoorsaamheid wys en nie aantoon hoe groot die uitdaging aan die Apartheidsregering was nie.
- Enige relevante antwoord. (enige 1x2) (2)

**[5]**

1.5 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse in die relevante bronne - Vlak 3]*
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- ‘n Verenigde front teen die 1983 Apartheidshervormings, die United Democratic Front, is in 1983 in Kaapstad van stapel gestuur. (Bron 1A)
- Die UDF was ‘n verenigde front uitsluitlik om die Koornhof-wette te opponeer. (Bron 1A)
- Botha se wettiging van swart vakbonde in 1979, het aan swart arbeiders in die industrie 'n stem gegee. (COSATU). (Eie kennis)
- Die nuwe Bevrydingsbeweging, die United Democratic Front (UDF), het 'n massiewe landwye veldtog teen die Driekamer Parlement van stapel gestuur. (Bron 1B)
- Betogings deur die burgerlike samelewing teen die Driekamer Parlement het getoon dat die meerderheid Suid-Afrikaners daarteen gekant was - Kleurling- en Indiër-kiesers se opkoms by die stembus was uiters laag. (Bron 1B)
- Geweld het dikwels uitgebreek en die Regering het gereageer deur 'n noodtoestand wat vir 'n groot deel van die 1980's aangehou het, af te kondig. (Bron 1B, 1C)
- Rollende massa-aksie het groot momentum behaal, en Botha het dit as deel van die ‘totale aanslag’ van magte wat Suid-Afrika wou vernietig, beskou. (Eie kennis).
- Daar was ook die vredesoptog op 13 September 1989 na die Kaapstadse Stadsaal, georganiseer deur die Mass Democratic Movement (MDM) teen polisiebrutaliteit . (Bron 1C)
- Genoemde optog het vreedsaam verloop en die werklike ontbanning van die ANC ingelui. (Bron 1C)
- Aartsbiskop Tutu het op Saterdag 30 September 1989 saam met ‘n skare ondersteuners op ‘n Blankes Alleen-strand in die Strand gaan draf, terwyl kerklike organisasies hulle veldtog teen Apartheidswetgewing voortgesit het.
- In 1989 was De Klerk die president en hy het optogte en die ontbanning van die ANC toegelaat.
- Enige relevante antwoord.

**Gebruik die volgende rubriek om ’n punt toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| VLAK 1 | • Gebruik bewyse op ’n baie elementêre manier; bv. **toon min of geen begrip vir die uitdagings wat die Apartheidsregering in die 1980’s in die gesig gestaar het nie.**<br>• Gebruik bewyse net gedeeltelik om ’n paragraaf te skryf oor die onderwerp of kan nie ‘n paragraaf oor die onderwerp skryf nie. | Punte: 0 - 2 |
| VLAK 2 | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp; bv. **toon ’n mate van**<br>• **begrip vir die uitdagings wat die Apartheids - regering in die 1980’s in die gesig gestaar het.**<br>• Gebruik bewyse op ’n baie basiese manier om ’n paragraaf te skryf. | Punte: 3 – 5 |
| VLAK 3 | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon ‘n deeglike begrip vir die uitdagings wat die**<br>• **Apartheidsregering in die 1980’s in die gesig gestaar het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ’n georganiseerde paragraaf wat ‘n deeglike begrip van die onderwerp toon. | Punte: 6 - 8 |

**[8]**

**TOTAAL VRAAG 1: [50]**

## VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGS-KOMMISSIE (WVK) VAN SUID-AFRIKA MENSEREGTESKENDINGS HANTEER?

2.1 2.1.1 [*Onttrek bewyse uit Bron 2A - Vlak 1]*
- ‘Suluman Saloojee, wie se man in 1964 in polisie-aanhouding gesterf het.’. (1x1) (1)

2.1.2 [*Onttrek bewyse uit Bron 2A - Vlak 1]*
- “n 32-jarige prokureurs- (aktevervaardigers-) klerk.’.
- ‘Hy was aktief in die Transvaal Indian Congress'.
- ‘Hy was aktief in die ANC.’. (3x1) (3)

2.1.3 *[Onttrek bewyse uit Bron 2A - Vlak 1]*
- ‘Rokaya het gesê dat die doodsondersoek (navorsing) ten opsigte van Saloojee se dood ongeveer 5 minute geduur het.’. (1x1) (1)

2.1.4 *[Definieer begrip uit Bron 2A - Vlak 1]*
- “n Persoon wat ŉ veldtog voer om politieke en sosiale verandering te bewerkstellig’. (1x1) (1)

2.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A - Vlak 2]*
- Hy het na bewering van die sewende verdieping van die polisie se hoofkwartier na sy dood geval – soos ‘n ander aktivis, Steve Biko.
- Die ondersoek na Saloojee se dood het ongeveer vyf minute geduur – die polisie het waarskynlik bewysstukke begrawe.
- Sy klere was bebloed en die polisie het geen verklaring aangebied nie.
- Enige relevante antwoord. (enige 1x2) (2)

2.1.6 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A - Vlak 2]*
- Hy is in die Kerkstraatbom-insident van 1983, wat ‘n politieke daad van die ANC was, beseer.
- Hy was die slagoffer van ‘n polities gemotiveerde misdaad gedurende apartheid.
- Hy wou afsluiting gehad het – diegene wat die opdrag gegee het, moes hulle daad erken sodat hy kon vergewe en aanbeweeg.
- Enige relevante antwoord. (enige 2x2) (4)

2.1.7 *[Kommentaar op die bruikbaarheid van bewysstukke uit Bron 2A – Vlak 3)]*

**Bruikbaar want:**
- Dit is die getuienisse van twee slagoffers voor die WVK.
- Dit bewys dat slagoffers hulle stories kon vertel en afsluiting soek.
- Dit bewys dat die WVK gepoog het om heling vir die slagoffers te kry, om waarheid, vergifnis, aanvaarding en rekonsiliasie te bevorder.

- Dit voorsien voorbeelde dat die WVK die waarheid ontbloot het.
- Dit het aangetoon dat die WVK nie net menseregteskendings van die Apartheidsregime ondersoek het nie, maar ook dié van die ANC/vryheidsvegters.
- Enige relevante antwoord. (enige2x2) (4)

**[16]**

2.2 2.2.1 *[Onttrek bewyse uit Bron 2B - Vlak 1]*

- 'om die wonde wat in die land se geskiedenis ingemessel (ingewortel is), te lawe'.
- "n stem aan die slagoffers te gee'. (2x1) (2)

2.2.2 *[Onttrek bewyse uit Bron 2B - Vlak 1]*

- 'die Kommissie het dikwels pynvolle, persoonlike weergawes van verlies en stryd omskep in openbare voorbeelde'.
- 'emosies aangeraak het maar weinig bygedra het om verandering te mobiliseer (aktiveer)'. (2x1) (2)

2.2.3 *[interpreteer bewyse uit Bron 2B – Vlak 2]*

**JA:**

- Hy sê dat die WVK is as noodsaaklik bewys vir die rekonsiliasie van beide die nasie en die staat alhoewel dit baie tekortkominge en foute gehad het.
- Enige relevante antwoord. (enige1x2) (2)

2.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B - Vlak 2]*

- Baie swart Suid-Afrikaners het gevoel dat die bevindinge van die WVK onvoldoende was om duidelike aanspreeklikheid vas te stel. /Hulle het nie herstellende geregtigheid ondersteun nie en wou die oortreders straf.
- Onsuksesvolle vervolgings het bitterheid veroorsaak. Baie het gevoel dat die WVK net ou wonde oopgekrap het.
- Die WVK het op die waarheid vertrou, maar baie het gevoel dat sommige getuies gelieg het om hulleself uit die moeilikheid te hou en dan amnestie te kry.
- Enige relevante antwoord. (enige 2x2) (4)

**[10]**

2.3 2.3.1 *[Onttrek bewyse uit Bron 2C - Vlak 1]*

- 'Harold Snyman'
- 'Barend du Plessis' (2x1) (2)

2.3.2 *[Definieer 'n konsep uit Bron 2C - Vlak 1]*

- 'n Amptelike verskoning/vryskelding vir mense wat politieke oortredings begaan het.
- Enige relevante antwoord. (enige1x1) (1)

2.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C - Vlak 2]*
- Die lede van die veiligheidspolisie wou hulle deelname ontken ten einde vervolging te ontduik en dan amnestie te kry terwyl die askaris die waarheid vertel het.
- Die lede van die veiligheidspolisie het nie berou getoon nie aangesien hulle destyds slegs opdragte uitgevoer het, terwyl die askaris empatie met die slagoffers gehad het.
- Enige relevante antwoord. (enige 2x2) (4)

2.3.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C - Vlak 2]*
- Hulle het nie die volle waarheid ontbloot nie.
- Enige relevante antwoord. (enige 1x2) (2)

**[9]**

2.4 2.4.1 *[Onttrek bewyse uit Bron 2D – Vlak 1]*
- 'De Klerk en Tutu'. (2x1) (2)

2.4.2 *[Onttrek bewyse uit Bron 2D – Vlak 1]*
- 'Die Nasionale Party se voorlegging aan die Waarheid-en-Versoenings-Kommissie'. (1x1) (1)

2.4.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – Vlak 1]*
- Die Nasionale Party het nie met die volle waarheid vorendag gekom nie – etlike bewysstukke is vernietig.
- De Klerk se weergawe het baie detail weggelaat ten einde hoë profiel lede van die vorige regering te beskerm.
- Tutu het nie De Klerk se weergawe geglo nie, en het De Klerk ook nie as eerlik gesien nie.
- Enige relevante antwoord. (enige 1x2) (2)

2.4.4 *[Verduideliking van beperkings in Bron 2D]*
- Die spotprent fokus op die gevalle waar die NP nie met die WVK wou saamwerk nie, en nie op die gevalle waar hulle wel saamgewerk het nie.
- Die spotprent bevat nie baie inligting van die saak van WVK teen die NP nie.
- Dit is 'n spotprent met die mening van die spotprenttekenaar – bevat nie die feite van die saak nie.
- Enige relevante antwoord. (enige 1x2) (2)

**[7]**

2.5 [*Interpretasie, analise en sintese van bewyse in die relevante bronne - Vlak 3*]
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:
- Die WVK is saamgestel in terme van die Wet op Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening van 1995 sodat 'n liggaam geskep kan word wat vrede en versoening onder die mense van Suid-Afrika kon bewerkstellig. (Eie kennis)
- Die WVK het menseregtevergrype (1960-1994) vanuit beide die slagoffer sowel as die oortreder se perspektiewe ondersoek, en bevind dat meer as 19 000 (nader aan 22 000 tot datum) slagoffers van sodanige vergrype was en het meer as 849 (1500 tot datum) amnesties toegestaan. (Eie kennis.)

- Die WVK het amnestie toegestaan vir polities gemotiveerde misdade, menseregteskendings, die waarheid ontbloot en skadevergoeding aan slagoffers betaal. (Bron 2A - 2D )
- In baie gevalle is slagoffers en oortreders se stories aangehoor, bv Rokaya Saloojee, eggenote van die vermoorde aktivis Suluman Saloojee. Hy is deur die polisiemag op 9 September 1964 in Johannesburg vermoor. (Bron 2A)
- Die WVK het ook na slagoffers van die ANC geluister: James Simpson, ‘n oorlewende van die Kerkstraatbom in Pretoria op 20 Mei 1983. (Bron 2A)
- Baie het nie die proses van herstellende geregtigheid verstaan nie – dit was nie so maklik om te vergewe nie – hulle wou hê dat oortreders gestraf word. (Bron 2B)
- Die familie van die anti-Apartheidsaktivis Steve Biko het amnestie vir sy moordenaars teengestaan met die argument dat die Kommissie ongrondwetlik is. (Bron 2B)
- Die voorsitter van die WVK, Aartsbiskop Tutu, het geglo in herstellende geregtigheid om te genees en die volle waarheid te ontbloot, maar in sommige gevalle was amnestie omstrede. (Bronne 2C, 2D) Nasiebou is promoveer. (Eie kennis)
- Oortreders het amnestie ontvang as hulle die waarheid vertel - dit het hulle gemotiveer om na vore te kom, maar in gevalle soos die PEBCO THREE is die waarheid nie ontbloot nie. (Bron 2C)
- Dit was nie 'n towerstaf nie – dit het Suid-Afrika nie van sy verlede bevry nie. Sommige kon nie vergewe nie. (Bron 2C)
- Baie het die hele idee van 'n Waarheidskommissie teengestaan en geglo dat dit ou wonde wat begin genees het, weer oopmaak. (Bron 2B)
- Sommiges het die WVK as ‘n heksejag gesien en sommige hoë profiel oortreders/die Apartheidsregering het nie aansoek gedoen nie. (Bron 2D)
- Die Nasionale Party se voorlegging aan die WVK het nie alles ontbloot nie. (Bron 2D)
- Enige relevante antwoord.

**Gebruik die rubriek om ’n punt toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| VLAK 1 | • Gebruik bewyse op ’n baie elementêre manier; **toon min of geen begrip vir hoe die Waarheid-en Versoeningskommis- sie menseregteskendings hanteer het nie.**<br>• Gebruik bewyse net gedeeltelik om ’n paragraaf te skryf oor die onderwerp/ kan nie ‘n paragraaf oor die onderwerp skryf nie. | Punte: 0 - 2 |
| VLAK 2 | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp; **toon ’n mate van begrip vir hoe die Waarheid-en Versoeningskommissie menseregteskendings hanteer het.**<br>• Gebruik bewyse op ’n baie basiese manier om ’n paragraaf te skryf. | Punte: 3 – 5 |
| VLAK 3 | • Gebruik relevante bewyse wat ’n **deeglike begrip toon vir hoe die Waarheid-en Versoeningskommissie menseregteskendings hanteer het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ’n georganiseerde paragraaf. | Punte: 6 - 8 |

**[8]**

**TOTAAL VRAAG 2: [50]**

## VRAAG 3: HOE HANDHAAF SUID-AFRIKA HOM AS 'N LID VAN BRICS?

3.1 3.1.1 *[Onttrek bewyse uit Bron 3A - Vlak 1]*

- "n langdurige bondgenoot'. (1x1) (1)

3.1.2 *[Onttrek bewyse uit Bron 3A - Vlak 1]*

- 'Suid-Afrika'. (1x1) (1)

3.1.3 *[Onttrek bewyse uit Bron 3A - Vlak 1]*

- 'vir gedwonge deportasie van kinders van Oekraïne na Rusland'.
- Omdat hy as aggressor in die Russies-Oekraïne oorlog gesien word. (enige 1x1)(1)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A - Vlak 1]*

- President Cyril Ramaphosa. (1x1) (1)

3.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A - Vlak 2]*

- Suid-Afrika, as ondertekenaar van die Internasionale Kriminele Hof, is verplig om die lasbrief te gehoorsaam sou Putin die BRICS-Beraad in Suid-Afrika bywoon.
- Suid-Afrika sal waardevolle vriende in die Weste verloor indien Putin nie gearresteer word nie.
- Enige relevante antwoord. (enige1x2) (2)

3.1.6 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – Vlak 2]*

- Suid-Afrika dring daarop aan dat hy neutraal staan in die oorlog tussen Rusland en Oekraïne, alhoewel dit skyn of die ANC-regering aan die Russiese kant is/selfs gerugte dat wapens aan Rusland voorsien word.
- Suid-Afrika is neutraal in die oorlog tussen Rusland en Oekraïne ten spyte daarvan dat sy Westerse bondgenote verwagtinge koester dat die regering Rusland sal verdoem.
- Die ANC (leidende party) het 'n langdurige verhouding met Rusland en kan nie net sy rug op 'n ou bondgenoot draai ten spyte van die standpunt ten opsigte van die Russies/Oekraïne-oorlog nie.
- Enige relevante antwoord. (enige 2x2) (4)

3.1.7 *[Lewer kommentaar op bruikbaarheid van Bron 3A – Vlak 3]*

**Bruikbaar want:**

- Suid-Afrika besoek Moskou om wat die ANC as die 'herkalibrering (verandering) van die wêreldorde' beskou, te bespreek – synde een van die doelwitte van BRICS.
- President Cyril Ramaphosa, as deel van 'n vredesending van Afrika-leiers én as vennoot van Rusland in BRICS, het op 'n vredesending na Rusland en Oekraïne gegaan.
- Die Bron impliseer dat SA Rusland se kant in die oorlog gekies het aangesien Suid-Afrika nie 'n lid van BRICS aanstoot wil gee nie.
- Enige relevante antwoord. (enige 2x2) (4)

**[14]**

3.2 3.2.1 *[Onttrek bewyse uit Bron 3B - Vlak 1]*
- Brasilië
- Rusland
- Indië
- China (4x1) (4)

3.2.2 *[Onttrek bewyse uit Bron 3B - Vlak 1]*
- '.... op die program van ontwikkeling en welvaart vir vennootlande.' (1x1) (1)

3.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B - Vlak 2]*
- Sooklal het geglo dat die resultate van die onderskeie berade sigbaar is in die werk van BRICS en die globale gemeenskap.
- Sooklal het geglo dat BRICS globaal impak gehad het wanneer hulle die uitdagings van opkomende lande (uitdagings soos ontwikkelingsuitdagings, die groei van ekonomieë, en om armoede en werkloosheid aan te spreek) in die oë moes kyk.
- BRICS is 'n groepering van die wêreld se leidinggewende ontwikkelende mark-ekonomieë.
- Enige relevante antwoord. (enige 2x2) (4)

3.2.4 *[Verduidelik historiese konsepte - Vlak 2]*
- Ontwikkelde lande verwys na lande wie se ekonomie hoogs ontwikkel is en wat oor goeie tegnologiese infrastruktuur beskik, terwyl daardie lande met lae industrialisasie en lae menslike ontwikkeling as ontwikkelende lande beskou word.
- Enige relevante antwoord. (enige1x2) (2)

**[11]**

3.3 3.3.1 *[Onttrek bewyse uit Bron 3C - Vlak 1]*
- 'Naledi Pandor'. (1x1) (1)

3.3.2 *[Onttrek bewyse uit Bron 3B - Vlak 1]*
- 'groeiende ekonomiese bilaterale verhouding'. (1x1) (1)

3.3.3 *[Onttrek bewyse uit Bron 3B – Vlak 1]*
- 'Om die blok se teenwoordigheid uit te brei'.
- "n Uitdaging te kan bied vir die oorheersing deur die globale supermoondhede'. (2x1) (2)

3.3.4 *[Verduideliking van die konsep in historiese konteks van Bron 3C - Vlak 2]*
- Brasilië, Rusland, Indië, China en Suid-Afrika stel hulself op as 'n alternatief vir bestaande internasionale finansiële en politieke forums.
- BRICS is 'n akroniem vir die invloedryke groepering van die wêreld se voorste opkomende markekonomieë.

- BRICS is gestig om ekonomiese groei van ontluikende ekonomieë te ondersteun en tradisionele Westerse/G20 kapitalistiese monopolieë teen te werk.
- Enige relevante antwoord. (enige 2x2) (4)

3.3.5 *[Vergelyk die verskille in Bronne – Vlak 3]*

- In Bron 3B het Suid-Afrika drie primêre doelwitte om sy ekonomie in die konteks van sy lidmaatskap te bevorder, maar in Bron 3C oefen Suid-Afrika druk uit om nuwe lede toe te laat ten einde die blok se teenwoordigheid te verhoog.
- In Bron 3B wil Suid-Afrika ontwikkeling en inklusiewe ekonomiese groei sien, waarde toegevoegde handel tussen BRICS-lande aanmoedig en investering promoveer, maar in Bron 3C gaan dit om die dominering deur die globale supermagte uit te daag.
- Enige relevante antwoord. (enige1x2) (2)

**[10]**

3.4 3.4.1 *[Onttrek van bewyse uit Bron 3D - Vlak 1]*

- Indië (1x1) (1)

3.4.2 *[Onttrek van bewyse  uit Bron 3D – Vlak 1]*

- President Jacob Zuma (1x1) (1)

3.4.3 *[Onttrek bewyse uit bron 3D – Vlak 1]*

- China (1x1) (1)

3.4.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – Vlak 2]*

- Die afgevaardigdes by die beraad ignoreer die werklike bedreiginge, soos terreur, armoede en die resessie, soos aangetoon deur die haaie wat hulle omsirkel.
- Indië bied ‘n duur beraad aan terwyl die land swig onder armoede, soos aangetoon deur die byskrif “nie die beste tyd nie”.
- Die spotprenttekenaar sinspeel op die feit dat BRICS “gevaarlike waters’’/haai-besmette water binnegegaan het, en dat hulle nie op die werklike probleme fokus nie, of die belangrike sake vermy, soos aangedui deur die leiers wat waterski.
- Enige relevante antwoord. (enige1x2)(2)

3.4.5 *[Interpretasie van 'n konsep in die konteks van Bron 3D – Vlak2]*
- Die spotprent dui op lande wat in 'n beraad waar hulle sake bespreek wat politieke, ekonomiese en sosiale aangeleenthede wêreldwyd raak, in wisselwerking gaan.
- BRICS is 'n forum wat beoog om 'n rol in die internasionale arena te speel.
- Enige relevante antwoord. (enige 2x2) (2)

**[7]**

3.5 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse in die relevante bronne - Vlak 3]*
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:
- Suid-Afrika het in 2010 by BRICS aangesluit aangesien Suid-Afrika gesien word as 'n invloedryke streeksmag. (Eie Kennis)
- Suid-Afrika was gasheer vir enkele BRICS-berade en het deelgeneem aan die res. (Bronne 3A-3D)
- President Cyril Ramaphosa het op 'n vredesending na Rusland en Oekraïne gegaan as gevolg van Suid-Afrika se verhouding met Rusland binne BRICS. (Bron 3A)
- Suid-Afrika dring in die openbaar daarop aan dat hy neutraal staan in die oorlog tussen Rusland en Oekraïne ten einde nie sy BRICS bondgenoot te affronteer nie. (Bron 1A)
- Tydens die BRICS-beraad in 2018 het Suid-Afrika die sleuteluitdagings vir die ontluikende lande aangespreek, uitdagings soos ontwikkeling, die groei van die ekonomieë, en armoede en werkloosheid. (Bron 3B)
- Suid-Afrika is vanjaar gasheer vir die BRICS-beraad, en die regerende ANC-party het voorgestel dat Pretoria die voorsitterskap kan gebruik om nuwe lede toe te laat ten einde die blok se teenwoordigheid uit te brei, en gevolglik die dominansie van die supermagte uit te daag. (Bron 3C)
- Enige relevante antwoord.

**Gebruik die rubriek om 'n punt toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| VLAK 1 | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre manier; **toon min of geen begrip vir die wyse waarop Suid-Afrika 'n rol binne BRICS speel nie.**<br>• Gebruik bewyse net gedeeltelik om 'n paragraaf te skryf oor die onderwerp of kan nie 'n paragraaf oor die onderwerp skryf nie. | Punte: 0 - 2 |
| VLAK 2 | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp; **toon 'n mate van begrip vir die rol wat Suid-Afrika binne BRICS speel.**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | Punte: 3 – 5 |
| VLAK 3 | • Gebruik relevante bewyse wat 'n **deeglike begrip vir die rol wat Suid-Afrika binne BRICS speel.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat dui op die verstaan van die onderwerp. | Punte: 6 - 8 |

**[8]**

**TOTAAL VRAAG 3: [50]**

# AFDELING B: OPSTEL

**[Beplan, konstrueer en bespreek ’n argument gebaseer op bewyse deur analitiese en interpreterende vaardighede te gebruik]**

**VRAAG 4: BURGERLIKE WEERSTAND IN SUID-AFRIKA IN DIE 1970’s EN 1980’s.**

Deel van die insig in die Swart Bewussynsbeweging is om te verstaan dat swart bevryding nie net van die indink van, en veg vir strukturele politieke veranderinge, soos voorgestaan deur ouer bewegings soos die ANC, maar ook van sielkundige transformasie in die gemoedere van die swart mense self moet kom.

Stem jy saam met hierdie stelling? Staaf jou argument met relevante feite. (Beplan en konstrueer ‘n oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse deur analitiese en interpreterende vaardighede te gebruik)

*SINOPSIS*
In die skryf van die opstel moet leerlinge met die stelling saamstem en aantoon dat die Swart Bewussynsbeweging ‘n beweging in die anti-Apartheidstryd van die 1970’s en 1980’s was wat geveg het vir strukturele politieke veranderinge sowel as vir die denke by swart mense self. Kandidate moet bewyse gebruik om die trant van hulle argument te ondersteun.

*KERNASPEKTE*
Kandidate behoort die volgende in hulle antwoord in te sluit:
- Inleiding: Kandidate moet op die psigologiese transformasie sowel as op die impak van die SBB op die Apartheidstaat fokus. Kandidate moet ’n standpunt inneem.

*UITBREIDING*
Fokus op die impak van die SBB.
- Agtergrond: Gedurende die 1960’s en die 1970’s was die beleid van Apartheid, ’n streng vorm van segregasie, sterk in plek. Swart leiers was in ballingskap.
- Die magsvakuum/leemte wat toe ontstaan het, is deur die SBB gevul.

**Psigologiese transformasie**
- Die SBB se bekendste leier was Steve Biko, ’n populêre stem van Swart bevryding vanaf die middel 1960’s tot sy dood in polisie-aanhouding in 1977.
- Swartbewussyn is ’n gesindheid, ’n idee, moedig swart trots aan.
- Dit is beïnvloed deur Martin Luther King Jr, Malcolm X en Swart Mag Beweging in die VSA.
- Dit onderskryf die idee dat swartes nie op blankes moet staat maak om verandering te weeg te bring nie.
- Die filosofie word met Steve Biko geassosieer wat opstelle soos *‘I Write what I like’* (Ek skryf wat ek wil) geskryf het – welke die Apartheidstaat uitgedaag het.
- Swartbewussyn vervang die Apartheid-term ‘nie-blank’ met die woord ‘swart’,

- Dit sluit Indiërs en Kleurlinge sowel as swart Suid-Afrikaners in. Die term "Swart" is as 'n vorm van bemagtiging gebruik.
- Swart studente het begin om hulleself te organiseer om wit oorheersing teen te staan en het die filosofie van Swartbewussyn aanvaar.

**Stryd vir strukturele politieke veranderinge**

- SASO was vir Universiteitstudente en SASM vir skole.
- Idees van die SB is aanvanklik deur die Nasionale Party verwelkom omdat dit ingepas het by afsonderlike ontwikkeling.
- Die *Black People's Convention* word die sambreel organisasie (sluit studente, kerke, gemeenskappe en vakbonde in) wat SB onderskryf.
- Vakbonde wat hulle met die SB vereenselwig, sluit die *Black Parents' Association* en *Black Allied Workers Union* (BAWU) in.
- SBB voorsien nuwe leierskap en nuwe rigting aan weerstandspolitiek. Dit is as gevolg van vakuum/leemte wat verbanne ANC en PAC gelaat het.
- Dit het die regering teengestaan en wou wit oorheersing beëindig.
- Dit het ʼn massa-beweging geword wat die Apartheidsregering ondermyn het.
- SB se idees het werkers geïnspireer om tot stakings oor te gaan.
- Die SBB het disinvesteringsveldtogte ondersteun.
- Biko was ʼn baie kragtige spreker.
- Steve Biko het die land deurreis, sy idees verkondig en populêr geraak.
- Reaksie van die SA-regering: organisasies wat met SB verbind word, word verban, insluitend SASO.
- SB kry veral ondersteuning van die jeug.
- Soweto-opstand.
- Die regering het geglo dat SB ʼn belangrike rol in die opstand gespeel het – SASM inspireer die vorming van SSRC.
- Bantoe-onderwys het Afrikaans as onderrigtaal in skole ingestel, maar beide swart onderwysers en studente verwerp Afrikaans as die taal van die onderdrukker.
- Sommige onderwysers en studente was reeds blootgestel aan Biko se idees en die SB-filosofie deur SASO-student-leerkragte vanaf universiteite.
- Op 16 Junie 1976 protesteer studente vreedsaam, maar die polisie tree kragdadig teen studente op (Hector Pietersen, ʼn 13-jarige seun was een van die eerste slagoffers van die opstand).
- Biko word gearresteer – groeiende weerstand.
- Die finale aanhouding in 1977 het tot sy dood gelei.
- Daar is ʼn heftige internasionale reaksie op sy dood en op die Soweto-opstand – dit lei tot nog groter weerstand teen Apartheid. (Die rol van die media.)
- Westerse lande ondersteun verpligte wapenverbod teen Suid-Afrika.
- Gemeenskapprogramme: Sien om na onderrig, gesondheid en ander selfhelpprojekte in die gemeenskap om die lewe van swartmense te verbeter.
- Ander leiers verantwoordelik vir selfhelpprojekte is Barney Pityana, Bennie Khoapa, Mamphela Ramphele.
- Zanempilo Community Health Centre naby King William's Town.
- Enige relevante antwoord.

Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met ʼn relevante opsomming/gevolgtrekking.

**[50]**

**VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE.**

Bespreek die onderhandelingsproses tussen 1990 en 1994 wat uiteindelik tot ‘n nuwe demokratiese Republiek van Suid-Afrika gelei het, krities.

Ondersteun jou beredenering met relevante bewyse.

*SINOPSIS*
Kandidate mag aandui dat dit ‘n moeilike en gekompliseerde proses was, en dat toewyding en kompromieë sleutelrolle gespeel het in die volhoubaarheid van die onderhandelingsproses van 1990 tot 1994 wat uiteindelik tot die nuwe demokratiese Republiek van Suid-Afrika gelei het.

*KERNASPEKTE*
Inleiding: Kandidate behoort die gekompliseerde onderhandelingsproses en die uitdagings voor die 1994-verkiesing te gebruik om die pad na demokrasie krities te bespreek.

*UITBREIDING*
- Die vrylating van Nelson Mandela en ander verbode politieke leiers in 1990, die ontbanning van die ANC, die PAC en ander verbode organisasies was die begin van 'n verbintenis tot onderhandelinge.
- In Maart 1990 het die polisie 11 betogers in Sebokeng doodgeskiet. Uit protes het Mandela die eerste rondte samesprekings uitgestel.
- Groote Schuur Minuut, 2 Mei 1990: NP het ingestem om 'n klimaat vir onderhandelinge te skep. ANC was nog nie bereid om gewapende stryd te beëindig nie.
- Regering verwyder onderdrukkende wette en lig die Noodtoestand.
- ANC gaan voort met Operasie Vula. Polisie arresteer sommige hoofleiers van Operasie Vula, maar hulle word uiteindelik weer vrygelaat. ANC het nie ingestem om te ontwapen terwyl die regering gewapende magte gebruik het nie. (Sebokeng).
- Pretoria Minuut in Augustus 1990: NP het vrywaring van terugkerende ballinge gewaarborg en ANC skort gewapende stryd op.
- Geweld bou op in KwaZulu-Natal en Vaaldriehoek - Derde Mag aktiwiteite vermoed. Goldstone-kommissie (VN) aangestel om dit te ondersoek.
- KODESA 1: 19 politieke partye uitsluitend AZAPO, KP en PAC/300 afgevaardigdes.
- Mandela en De Klerk kon nie ooreenkom oor magsdeling en grondwetgewende vergadering nie – vergadering word beëindig.
- Die Verklaring van Voorneme is onderteken om Suid-Afrika te verenig.
- Blanke-referendum (Maart 1992): De Klerk het wit steun vir onderhandelinge getoets - Resultaat – oorweldigende ‘Ja’ – onderhandelinge het voortgegaan.
- KODESA 2 (2 Mei 1992): het nie voortgegaan nie weens geweld en onvermoë van partye om oor magsdeling ooreen te kom.

- Boipatong massamoord (17 Junie 1992) bedreig onderhandelingsproses. ANC begin veldtog van 'Rollende massa-aksie'.
- Bisho massamoord (September 1992) het die onderhandelingsproses amper ontspoor.
- Suid-Afrika gaan gebuk onder geweld en ŉ toenemende ekonomiese krisis.
- Ironies genoeg het geweld gematigdes aan weerskante versterk – Spitsberaad.
- *Record of Understanding* (Memorandum van Verstandhouding) (September 1992) - Meyer en Ramaphosa het hulle tot vrede en tot onderhandelinge verbind.
- Meyer en Ramaphosa het ooreengekom op Joe Slovo se Sunset-klousule (Sonsondergangklousule).
- Veelparty-onderhandelinge is by die Wêreldhandelsentrum hervat, maar Inkatha, Konserwatiewe Party, Ciskei en Bophuthatswana het onttrek.
- Die AWB het die onderhandelinge onderbreek toe hulle die Wêreldhandelsentrum met gewapende magte en 'n gepantserde voertuig bestorm en deur die deure beset het.
- **Sluipmoord op Chris Hani** (10 April 1993): vrees vir volskaalse rasse- of burgeroorlog. **Mandela se toespraak** oor die televisie en radio het die volk tot kalmte gemaan.
- Hoofonderhandelaars het voortgegaan met 'n groter gevoel van dringendheid/erns en kom ooreen dat 27 April die datum vir demokratiese verkiesings sou wees.
- **Voortgesette geweld**: PAC se aanval op St James-kerk, Heidelberg Taverne, Kaapstad, Amy Biehl-moord, Bophuthatswana-skietery, Shell-house-slagting, bomme deur verregse groepe in Johannesburg geplant.
- 27-29 April 1994 Verkiesings gehou. ANC wen - Mandela word die eerste swart Staatspresident van die nuwe demokratiese Republiek van Suid-Afrika.
- Enige ander relevante antwoord.

Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met ŉ relevante slotsom/gevolgtrekking.

**[50]**

**VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN DIE NUWE WÊRELDORDE**

Verduidelik hoe Mikhail Gorbachev se hervormings in die Sowjetunie uiteindelik gelei het tot politieke veranderinge in lande in Oos-Europa sowel as in Suid-Afrika.

Gebruik relevante bewyse om jou argument te ondersteun.

*SINOPSIS*
In die skryf van hierdie opstel moet die leerders verduidelik hoe Mikhail Gorbachev se hervormings in die Sowjet-Unie tot veranderinge in Oos-Europa sowel as in Suid-Afrika gelei het. Kandidate moet hulle standpunt stel, en hulle argument met relevante bewyse staaf.

*KERNASPEKTE*
- Inleiding: Fokus op veranderinge in Oos-Europa en Suid-Afrika as gevolg van die verbrokkeling van die Sowjet-Unie.

*UITBREIDING*

**Sowjet-Unie:**

- Agtergrond: In 1985 het Gorbachev - nuwe president van die USSR - ekonomiese en sosiale probleme geërf – “sentraal beheerde ekonomie” was nie-effektief; verbruikersgoedere skaars, korrupsie volop, mense het opgehou om in kommunisme te glo.
- Die USSR het probleme op die internasionale front gehad, hulle kon byvoorbeeld nie nuwe hoëtegnologie-wapens (Star Wars) bekostig nie en kon nie meer betrokkenheid by ander lande bekostig nie.
- Gorbachev het ‘**Perestroika’ (ekonomiese herstrukturering)** en **‘Glasnost’ (openlikheid in regering en meer vryheid van spraak)** van stapel gestuur. Gorbachev het aangekondig dat ander politieke partye (nie net Kommunistiese Party) in die Sowjet-Unie gevorm mag word, en het vrye verkiesings vir ’n nuwe parlement gehou.
- **Demokratizatsiya /Demokratisering** deur Gorbachev.
- Mense in Oos-Europa hou die Sowjet-Unie met belangstelling dop.
- Gorbachev se **hervormings lei tot regeringsveranderinge in ander Sowjet state en ook in ander lande soos Suid-Afrika**.

**Europa:**

- **Pole** het alreeds ŉ nie-amptelike vrye vakbond genaamd Solidariteit gevorm, wat 10 miljoen lede gehad het.
- Dit het gereeld die Poolse Kommunistiese regime bevraagteken.
- Die Poolse regering is geforseer om werkers se regte te staak en om onafhanklike vakbonde te stig, te erken.
- 1989 - Voorsitter Jaruzelski onderhandel met Solidariteit.
- Die Poolse Ronde Tafel Onderhandelings het tot die eerste nie-kommunistiese regering gelei.
- Lech Walesa word die verkose President van Pole.
- Solidariteit se sukses in Pole het bewegings in ander satellietstate aangemoedig soos in **Tsjeggo-Slowakye** waar Havel die nuwe president geword het ná die ‘fluweelrevolusie’.
- **Hongarye** en **Bulgarye** rewolusies was vreedsaam.
- In **Roemenië** het dit gelei tot die teregstelling van pres Ceausescu.
- In Nov. 1989 is die **Berlynse Muur**, die simbool van die Koue Oorlog, afgebreek en het dit 'n mylpaal geword in die verbrokkeling van die Sowjetmag.
- In vrye verkiesings wat in 1990 in Duitsland gehou is, het die kommuniste net 16% van die stemme gekry en kort daarna het die twee Duitslande herenig.
- 1990 - vrye verkiesings is regdeur die Oos-blok gehou en het nie-kommuniste gewen in al die gevalle.
- Hulle het die Warskou-verdrag verlaat; aan die USSR gesê om te vertrek; afgetakelde kommunistiese strukture; vryemarkekonomieë ingestel; demokratiese grondwette opgestel en lidmaatskapsonderhandelinge met die Europese Unie geopen.
- Die **Baltiese state** (Litaue, Letland, Estland, Georgië) het onafhanklik van Moskou geword.

- Op 21 Des 1991 het Rusland en 11 ander republieke verklaar dat hulle nie meer deel van die USSR is nie.
- USSR en Sowjet-kommunisme het opgehou om te bestaan, en Gorbachev het alle mag verloor.

**Suid-Afrika:**
- Die Apartheid-regime kon nie langer kommunisme (Die Totale Aanslag) gebruik om sy beleid van rasse segregasie te regverdig nie.
- Die VSA en sy bondgenote kon nie langer die Apartheid-regime ondersteun nie.
- Die ineenstorting van die USSR het ook die ANC beïnvloed om sy houding te verander van sosialisme na kapitalisme .
- Die ANC ondervind ekonomiese en ideologiese uitdagings - kry nie meer ondersteuning uit Sowjetunie nie.
- Die ineenstorting van die Sowjetunie het druk op beide die Nasionale Party en die ANC geplaas om met onderhandelings te begin.
- Die Slag van Cuito Cuanavale het die Nasionale Party aangespoor om met kommuniste te begin onderhandel oor die onafhanklikheid van Namibië - het dit vir hulle makliker gemaak om met die ANC te praat.
- Die Westerse wêreld het die beweging dat Suid-Afrika sy eie probleme vreedsaam en demokraties oplos, ondersteun.
- Dit het duidelik geword dat die Nasionale Party regering nie wit heerskappy onbepaald kon handhaaf nie. (Ekonomiese krisis, geweld het toegeneem, en interne en internasionale druk.)
- FW De Klerk het begin aanvaar dat die swart stryd teen apartheid nie 'n sameswering vanuit Moskou was nie.
- Dit het dit vir De Klerk moontlik gemaak om met bevrydingsorganisasies betrokke te raak ten einde ‘n langdurige oplossing vir Suid-Afrika te kry.
- Op 2 Februarie 1990 het De Klerk die ontbanning van alle anti-apartheidsorganisasies aangekondig wat die weg gebaan het vir samesprekings.
- As gevolg van onderhandelinge is eerste werklike demokratiese verkiesings in 1994 gehou - Mandela President.
- Enige ander relevante antwoord

Slot: Kandidate moet hulle argument saamvat met ʼn relevante slotsom/gevolgtrekking.

**[50]**

## GROOT TOTAAL: [150]

© SACAI KOPIEREG